Vraag 1

Die belofte van die land, Kanaän, is nog nie vervul nie. Die Israeliete is nog in Egipte.

Eksodus 1:1-7, AFR 1983

Vraag 2

God is magtiger as enige mens insluitend die farao en Egiptiese gode. Hy oordeel sonde, maar verlos Sy volk wat Hom gehoorsaam.

Eksodus 12:12-14 en 26-28, AFR 1983

Vraag 3

God wil ‘n verhouding met Sy volk hê (Hy wil hulle God wees). Hy wil die Israeliete as Sy gehoorsame volk laat leef.

Genesis 17:7-8, Eksodus 19:4-6, 20:1-17 en 24:7, AFR 1983

Vraag 4

Die tabernakel was die plek waar God onder Sy volk wou woon en waar Hy Sy volk ontmoet om met hulle te praat.

Eksodus 25:8-9 en 29:42-46, AFR 1983

Vraag 5

Die maak en aanbidding van die goue kalf het beide die 1ste en 2de gebooie oortree rakende afgodery.